

A lighthouse on a rocky island with a beam of light shining across the sea. The background is a dark, textured blue with a grid-like pattern.

SOEKLIJG

**FOKUS
OP**

DANIËL

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	3
RIGLYN VIR GEBRUIK.....	4
Dag 1: INLEIDING.....	6
Dag 2: DANIËL 1:1-3.....	7
Dag 3: DANIËL 1:4-7.....	8
Dag 4: DANIËL 1:8-21.....	9
Dag 5: DANIËL 2:1-28.....	10
Dag 6: DANIËL 2:28-45.....	11
Dag 7: DANIËL 3:8-27.....	12
Dag 8: DANIËL 4:1-37.....	13
Dag 9: DANIËL 5:22-23.....	14
Dag 10: DANIËL 5:25-30.....	15
Dag 11: DANIËL 6:1-25.....	16
Dag 12: DANIËL 7:1-8.....	17
Dag 13: DANIËL 7:8, 23-25.....	18
Dag 14: DANIËL 7:9-14, 26-27.....	19
Dag 15: DANIËL 8:1-24.....	20
Dag 16: DANIËL 8:10-12, 24-25.....	21
Dag 17: DANIËL 8:14, 26-27.....	22
Dag 18: DANIËL 9:1-23.....	23
Dag 19: DANIËL 9:24-27.....	24
Dag 20: DANIËL 10:1-21.....	25
Dag 21: DANIËL 11:1-21.....	26
Dag 22: DANIËL 11:21-32.....	27
Dag 23: DANIËL 11:32-36.....	28
Dag 24: DANIËL 12:1-4.....	29
Dag 25: DANIËL 12:5-13.....	30



VOORWOORD

Die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1982 aan die Deputate Jeugsorg die opdrag gegee om aan die verskaffing van goeie geestelike lektuur vir ons kerklike jongmense aandag te gee. Die deputate het na 'n ondersoek verskeie behoeftes geïdentifiseer. Een behoefte wat volgens die deputate prioriteit moet geniet, is om leiding aan jongmense te bied sodat hulle met persoonlike Skrifstudie die Skrif konstruktief en opbouend kan lees.

Die deputate het gevolglik besluit om met 'n langtermyn produksieprogram van Bybellees-gidse te begin. Die biddende ideaal is om mettertied 'n handleiding vir elke Bybelboek op te stel. Hierdie handleiding oor Daniël is die tweede en ons vertrou dat dit van groot waarde gaan wees. Die doel van hierdie handleiding is om 'n bondige en eenvoudige kommentaar van die Bybelboek te wees met die nodige toespitsing op die jongmense en sy wêreld.

Die problematiek waarmee ons jongmense as Christen-gelowiges in hierdie laaste kwart van die twintigste eeu te kampe het, is ingewikkeld. Die uitdagings om as geankerde gelowiges koers te hou, is groot. Die bekende woorde van Psalm 119:105 bly onverswak waar: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad". Mag hierdie handleiding 'n helder soeklig wees wat die koers tot suiwere godsdiens en duidelike roepingswerk aandui.

Deputate Jeugsorg

Augustus 1985

RIGLYN VIR GEBRUIK

1. Hierdie handleiding is hoofsaaklik opgestel vir die gebruik tydens persoonlike Skrifstudie. Dit is egter ook geskik vir Bybelstudie in groepsverband en as 'n riglyn vir huisgodsdien.
2. Die handleiding is 'n hulpmiddel om die Bybel met beter begrip te lees. Dit wil geen uitgebreide kommentaar wees wat in fyn besonderhede ingaan nie. Die handleiding bestaan uit 'n aantal ongedateerde dagstudies. Die ideaal is dat u as leser die dagstudies so ver moontlik opeenvolgend sal gebruik, om sodoende die eenheidslyn in die studie te volg.
3. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983) is gebruik, alhoewel die ou vertaling ook as hulp gebruik kan word. Om u met die opsoek van Skrifgedeeltes behulpsaam te wees, is die bladsynommers van die 1983-vertaling in hakies gegee.
4. Elke dagstudie word in die volgende drie afdelings ingedeel:
 - Oorsig:** Onder "oorsig" word by elke dagstudie 'n tema-opskrif vir die betrokke Skrifgedeelte gegee. Daarna word die gedagte-opbou van die Skrifgedeelte skematies uiteengesit.
 - Insig:** Onder "insig" word die inhoud van die Skrifgedeelte verduidelik.
 - Uitsig:** Onder "uitsig" word aan u as leser 'n aantal vrae en ander Skrifgedeeltes gegee sodat u vanuit die betrokke Skrifgedeelte die regte uitsig op u eie lewe en ander Skrifgedeeltes kan kry. Dit is dus belangrik dat u oor die vrae sal besin en die aangeduide Skrifgedeeltes sal opsoek. Sodoende sal u hierdie handleiding se volle waarde benut.
5. Onder die uitsig-gedeelte is daar soms verwysings na Die Heidelbergse Kategismus, Die Dordtse Leerreëls en Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is die drie belydenisskrifte wat u agter in u Psalmboek sal vind of in sekere katkisasie handboeke.
6. Daar is met die oog op Skrifverwysings van afkortings gebruik gemaak. Op die volgende wyse word na 'n Skrifgedeelte verwys:
 - Lk 8: 1243
 - v. 12 (afkorting vir vers 12)
 - vv. 12-13 (afkorting vir verse 12-13)

Die volgende afkortings van Bybelboeke is gebruik:

Gn	- Genesis	1 Kn	- Eerste Konings
Eks	- Eksodus	2 Kn	- Tweede Konings
Lv	- Levitikus	1 Kr	- Eerste Kronieke
Nm	- Numeri	2 Kr	- Tweede Kronieke
Dt	- Deuteronomium	Esr	- Esra
Jos	- Josua	Neh	- Nehemia
Rqt	- Rigters	Est	- Ester
Rt	- Rut	Jb	- Job
1 Sm	- Eerste Samuel	Ps	- Psalms
2 Sm	- Tweede Samuel	Spr	- Spreuke
Pr	- Prediker	Hd	- Handeling
Hql	- Hooqlied	Rm	- Romeine
Jes	- Jesaja	1 Kor	- Eerste Korintiërs
Jer	- Jeremia	2 Kor	- Tweede Korintiërs
Kl	- Klaagliedere	Gl	- Galasiërs
Esg	- Ezeqiël	Ef	- Efesiërs
Dn	- Daniël	Fip	- Filippense
Hos	- Hosea	Kol	- Kolossense
Jl	- Joël	1 Ts	- Eerste Tessalonisense
Am	- Amos	2 Ts	- Tweede Tessalonisense
Ob	- Obadja	Tt	- Titus
Jon	- Jona	1 Tm	- Eerste Timoteus
Miq	- Miqa	2 Tm	- Tweede Timoteus
Nah	- Nahum	Flm	- Filemon
Hab	- Habakuk	Heb	- Hebreërs
Sef	- Sefanja	Jk	- Jakobus
Haq	- Haqqai	1 Pt	- Eerste Petrus
Saa	- Saaria	2 Pt	- Tweede Petrus
Mal	- Maleaqi	1 Jh	- Eerste Johannes
Mt	- Matteus	2 Jh	- Tweede Johannes
Mk	- Markus	3 Jh	- Derde Johannes
Lk	- Lukas	Jd	- Judas
Jh	- Johannes	Op	- Openbaring

Dag 1: INLEIDING

DIE SKRYWER

Alhoewel die boek die naam Daniël dra, beteken dit nie dat dit deur Daniël geskryf is nie. Die naam van die boek wys veelal op die hoofpersoon in die boek. Uit die boek self is daar nie duidelike gegewens dat Daniël dit geskryf het nie. In die meeste gevalle word na hom in die derde persoon (hom, hy) verwys (1:8 ens.) Hoofstuk 7:1 praat van dinge wat Daniël self opgeskryf het. In 10:2 word in die eerste persoon (ek) gepraat. Die algemene opvatting is dat iemand anders van Daniël se geskifte gebruik gemaak het om die boek saam te stel.

Die datum van die boek

Die boek vertel onder andere van die Babiloniese ballingskap ongeveer 605 - 537 vC (1:1, 10:1). Dit kan aangeneem word dat die boek kort na die ballingskap saamgestel is, maar oor die presiese tyd gee die Bybel self geen getuienis nie.

Vir wie die boek geskryf is

Dit is geskryf vir die volk Juda wat ballingskap (1:6) en vervolging (7:12) geken het. Dit is dus gerig op mense wat nog herstel het van die ballingskap en gebuk moes gaan onder vervolging.

Die inhoud van die boek

Die boek beskrywe hoe Daniël en sy vriende getrou bly en die geloof behou ten spyte van sware beproewings. Verder gee dit in profesieë die bewarende en seënende hand van God oor Sy volk te midde van die wêreldmagte wat regeer. Hoofstukke 1-6 gee verskillende gebeure met Daniël en sy vriende weer. Hoofstukke 7-12 teken die wêreldmagte, met veral die plek van die Antichris, maar ook dat God steeds aan die werk is en dat die eintlik oorwinnaar in die stryd nie Satan en sy magte is nie, maar God in en deur Jesus Christus. Ons kan dan ook die inhoud van die boek so saamvat: Die oorwinning van die lig oor die magte van die duisternis.

Betekenis van die boek

Die betekenis van die boek vir die gelowiges lê hierin dat hier duidelik na vore kom hoe God sy plan vervul in die wêreld en hoe Hy sy plan ten uitvoer bring. Verder lê hierin die ewige beloftes van heil en kan die gelowige vooruit kyk na die dag wanneer sy ewige Verlosser (Jesus Christus) sal kom en hom bevry van die magte van die wêreld en die duiwel.

Gebedsriglyne

- Bid dat God jou studie van hierdie boek tot 'n seën in jou lewe sal stel.
- Dank Hom vir die geleentheid wat jy het en vir die feit dat jy in hierdie land sonder
- vrees vir vervolging nog met jou Bybel kan verkeer.

Dag 2: DANIËL 1:1-3

GOD HOU SY HAND AAN DIT WAT MET JOU GEBEUR

OORSIG

Vers 1	Vers 2	Vers 3
'n Beleëring	God se hand daarin	Dit raak mense

INSIG

Nebukadnesar trek op teen Jerusalem en beleër die stad. Dit vind plaas in die derde jaar van die regering van Jojakim. Waarskynlik moet gelees word: In die sesde jaar, naamlik 602 v.C. Hierdie beleëring is die gevolg van die aspirasies van die koning van Babel om buit te maak en die land van Juda onder sy mag te kry. Ons het hier die slegte bedoelings van 'n vyandelike koning. Dit gaan vir Nebukadnesar slegs om dit wat hy tot sy voordeel kon verwerf.

God was egter ook betrokke by hierdie optrede van Nebukadnesar. Vers 2 sê dat die Here Jojakim oorgegee het in die hand van Nebukadnesar. Die inval staan onder die goedkeuring en beskikking van God. Die rede waarom die Here Jojakim oorgee aan die vyand moet enersyds sy goddeloosheid wees (2 Kr. 36:5). Aan die ander kant gee God hom oor omdat Hy 'n hoër doel het.

Die beleëring van Jerusalem en die oorgee daarvan aan Nebukadnesar raak ook mense. Jong kinders van ongeveer veertien jaar word weggevoer uit Juda. Hierdie jong koninklikes en edeles sluit ook Daniël en sy vriende in. As ons agterna na die gebeure kyk, sien ons dat God veral vir Daniël sou gebruik om sy grootheid en almag te bewys en sy volk te bemoedig in die stryd en te verseker van hulle ewige toekoms.

In ons lewe gebeur daar dinge waarvoor ons vrae vra. Die godvresende Daniël en sy vriende het sekerlik ook hulle vrae gevra. Tog sien ons, as ons vanuit ons hoek na die gebeure kyk, hoe God sy hand aan alles hou - ook aan die skynbaar eiesinnige daad van Nebukadnesar. Agter alles in ons lewe is daar die vaderhand van die almagtige God wat alles beskik en bestier.

Dit is 'n heerlike bemoediging vir jou - ook wanneer daar dinge in jou lewe kom wat jy nie kan verstaan nie en waarvoor jy soms vrae stel.

UITSIG

- Aan watter soortgelyke gevalle in die Bybel kan jy dink?
- Watter bekende Bybelfigure het na aanvanklike terugslae groot hoogtes onder God se seënende hand bereik? (Eks 1:8-22; Gn 41) Noem gevalle van God se hand in jou lewe.
- Dank God daarvoor dat jy mag weet Hy beskik alles in jou lewe en vra Hom om jou te help om in voorspoed dankbaar en in teëspoed geduldig te wees.

Dag 3: DANIËL 1:4-7

DIE DUIWEL PROBEER JOU WEGLOK VAN GOD

OORSIG

Vers 1	Vers 4	Verse 5, 7	Slot
Agtergrond	'n Aanslag teen die jeug	'n Breek met die eie	'n Aanslag teen ons

INSIG

Nebukadnesar van *Babel* laat uitgesoekte jong seuns wegvoer uit *Jerusalem*. Babel en Jerusalem. Die wêreldstad en die Godstad. Simbole van duisternis en lig. Die ryk van die duisternis teen die ryk van die lig. Die duisternis wil die lig oorweldig.

Om sy doel te bereik voer die koning van Babel jong seuns weg uit Jerusalem. Hy rig hom op die jeug. Maar dit is besondere jeug: Uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense. Jong prinse. Die leiers van die toekoms. Hulle besit besondere eienskappe: Geen liggaamsgebrek, vol wysheid, kennis en insig in wetenskap; seuns met 'n helder verstand.

Hulle word opgevoed in die paleis van die koning; leer die taal en skrif van die Galdeërs; ontvang die beste behandeling; eet en drink van die koninklike tafel; hulle kry ander name. Die ryk van die duisternis wil die kinders van die lig omhaal na sy kant toe. Hy spits hom toe op die jeug. Wie die jeug het, het die toekoms. Maar hierdie kinders van die lig moet breek met die lig. Daarom 'n ander taal en skrif en ander kos en ander name. Dit is die proses van breinspoeling. In die naam Daniël hoor ons iets van die naam van God - God is regter. Nou word hy Beltsasar waarin ons die naam van die afgod Bel hoor.

So werk die duiwel om die ryk van God te ondergrawe. Hy hou die begeerlikhede van die wêreld aan jou voor en lok jou weg van die pad van God. Hy laat die wêreldse aantreklik en mooi lyk, maar die pad van God outyds en vervelig. Hy beklemtoon die dansbaan en lokkende ligte, vryheid en ongebondenheid en maak jou wys dat jy die benouende en neerdrukkende in die kerk en in die eerbare lewe ervaar.

Die enigste wapen teen die aanslag van die duisternis en die weglokking deur Satan is die ewige lig, Jesus Christus.

UITSIG

- Watter groot leier in Israel se geskiedenis het ook sy opleiding aan 'n vreemde paleis ontvang (Eks 2:10; Hd 7:22)?
- Probeer die aanslag van die duisternis in die lewe van vandag uitken.
- Is daar dalk in jou lewe punte waarop die duiwel besig is om jou van God af te trek?
- Bid dat God jou sal help om die aanslag van die duisternis raak te sien.
- Bid om die krag en genade om weerstand te bied en nie verlok te word nie.

Dag 4: DANIËL 1:8-21

GOD SEËN SY GELOWIGE KINDERS

OORSIG

Vers 5	Vers 8 en 11-13	Vers 9 en 4-20
Agtergrond	Die Gelowige optrede van Daniël	God se seën op Daniël se optrede

INSIG

In sy aanslag teen die ryk van die lig, maak die magte van die duisternis van mense gebruik. Daniël en sy vriende moet afgetrek word van God. Die kos wat hulle voorgesit word, was offervleis, offerkoeke en offerwyn - kos wat aan die afgode gewy is. Ook die wyse waarop jy eet, is diens aan God. Daarom het God dit uitdruklik verbied om kos te eet wat aan die afgode gewy is. (Lv 19:26)

Daniël se geloof kom nou sterk na vore. Hy neem hom voor om nie van die heidense kos te eet nie. Hy gaan egter nie op 'n hongerstaking nie, maar praat met die hoofpaleisbeampte daaroor, 'n Kind van die Here se metode is nie die van stakings en betogings nie, maar van oorreding. Daniël glo in God se beskikking en hulp aan sy kinders en daarom gaan hy selfs 'n ooreenkoms aan. 'n Ooreenkoms wat alleen geslaagd kon wees as God saamwerk. Daaraan twyfel hy egter nie.

God gee sy steun aan die gelowige. Hy stem die hoofpaleisbeampte gunstig teenoor Daniël sodat sy versoek toegestaan word. Hy gebied ook sy seën oor die kos sodat hulle mooier en gesonder as die ander was. Hy gee ook insig en verstand sodat die koning niemand soos hulle kon vind nie en hulle daarom laat toetree tot sy diens. Die gelowige wat vashou aan wat God leer en daarvolgens lewe, kan verseker wees van God se seën en bystand in sy lewe. Die ware gelowige moet nie huiwer om die wêreld vierkantig in die oë te kyk nie, want God gee die versekering dat Hy met jou is (Jes. 43). Die wêreld bied jou baie aan - dinge wat bedoel is om jou weg te trek van God en jou geloof. Daarom moet jy nie alleen weet wat God in sy Woord van jou vra nie, maar moet jy elke dag alles in die werk stel om dit te doen. Dan kan jy verseker wees van God se bystand en seën in oomblikke wat maklik vir jou te veel kan word.

Daniël se geloof was waarlik 'n groot seën in sy lewe.

UITSIG

- Aan wie kan jy dink wat ook geweier het om ter wille van brood teen God te sondig (Mt 4:1-11)?
- Het jy ook God se seën ervaar nadat jy geweier het om agter verlokkinge aan te gaan wat die wêreld jou bied?
- Dank God dat jy nog gesond is en in staat is om lekker te eet.
- Bid dat jy die gawe om te kan eet nie sal misbruik nie.
- Bid om die krag te kan ontvang om elke dag te luister na wat God vra en so weerstand te bied teen versoekinge.

Dag 5: DANIËL 2:1-28

ROEP GOD AAN AS DIE NOOD DREIG

OORSIG

Verse 1-9	Verse 10-18	Verse 19-28
Die nood	Daniël se optrede in die nood	God se hulp in die nood

INSIG

Deur omstandighede word die kind van God soms in die noute gebring. So was dit ook met Daniël. Omdat die geleerdes in die ryk van koning Nebukadnesar nie die koning se droom kon vertel en uitlê nie, word die bevel gegee dat al die wyse manne doodgemaak moes word. So kom Daniël en sy vriende ook in die nood, word hulle lewe bedreig (v. 13). Hierdie nood ontstaan omdat die koning self in die nood is. Hy was bekommerd oor die droom en wil die regte antwoord hê. So word al die geleerdes en wyses, ook Daniël, in die noute gebring ter wille van 'n droom. Daar kan baie redes vir benoudheid wees. Dit kom op verskillende maniere na jou toe. Wat dit ook al is, vir jou bly dit 'n saak van erns en daarom soek jy hulp in jou nood.

Daniël soek ook hulp as hulle in die nood raak. Maar hy tree anders op as die geleerdes van die koning. Hulle probeer die koning oorreed dat niemand aan sy versoek kan voldoen nie. Hulle bewys hulle onmag en bely dat alleen die gode kan help, maar met die het hulle nie kontrak nie (v. 11). Daniël ken egter die pad na die enigste God. Dit is die pad van gebed (v. 18). Saam bid hy en sy vriende oor die saak. Saam lê hulle hul nood aan God voor.

"Roep My aan in die dag van benoudheid. Ek sal jou uithelp", sê God (Ps 50). Dit glo Daniël en dit doen hy ook. En die Here hoor en verhoor. In 'n nagtelike visioen word die droom aan Daniël bekendgemaak - ook die betekenis daarvan. Die almagtige God ken selfs die droom van die mens se hart en kan dit openbaar maak (v. 22). Hiervoor gee Daniël aan God die eer, ook teenoor die goddelose koning (v. 28). So gee God self hulp aan sy kinders wat in hulle nood tot Hom roep. Ons moenie van God net 'n noodgod maak nie, maar in ons nood kan en wil Hy help. Hierdie hulp bied Hy aan elkeen wat met sy hele hart Hom daarvoor bid.

UITSIG

- Slaan 'n paar tekste na oor God se belofte van hulp in nood, soos Ps 91:15; 145:18. Dink na oor gevalle in die Bybel waar God gehoor het in nood (Jona 2). Dink aan die kere toe God jou ook verhoor het toe jy in die nood was.
- Dank God dat jy onder alle omstandighede Hom kan aanroep - ook in oomblikke van nood.
- Bid om die genade om steeds met vrymoedigheid tot Hom te kan bid.

Dag 6: DANIËL 2:28-45

GOD SE REGERING HOU STAND IN EWIGHEID

OORSIG

Verse 31-35	Verse 37-44	Vers 45
Die koning se droom	Die betekenis van die droom	Die diepere betekenis van die droom

INSIG

Koning Nebukadnesar het in die aand op sy bed gelê en wonder oor die toekoms (v. 29) en daardie nag maak God dit deur 'n droom aan hom bekend sodat sy vrae beantwoord kan word (v. 30). Die koning sien 'n groot beeld, hoog en blink en skrikwekkend, met 'n kop van goud, 'n bors en arms van silwer, 'n maag en heupe van brons, bene van yster en voete en klei. Daar kom egter 'n groot klip en maal die beeld fyn sodat dit deur die wind weggewaai word. Die klip self word egter so groot dat dit die hele aarde oordek.

Daniël maak aan die koning die droom bekend: Die kop van goud sien op Nebukadnesar en sy regering. God het die hele bewoonde wêreld aan hom gegee en hy regeer oor alles, Na hom sal daar egter 'n minder belangrike regering kom. Nebukadnesar se regering kom dus tot 'n einde en word telkens vervang deur regerings wat minder belangrik is. Die meeste verklaarders dui die verskillende ryke soos volg aan: Die eerste is die Babiloniese ryk, die tweede sien op die ryk van die Meders en Perse, die derde op die Griekse ryk en die vierde op die Romeinse ryk - wat sterk soos yster sal wees en al die ander koninkryke sal insluit, soos dit wel in die dae van Jesus was. Die vyfde ryk sal een van die verdeelde koninkryke wees (v. 41) en sien op die stryd tussen volke en nasies tot op die wêreld einde. Bondgenootskappe sal aangegaan word, maar nie blywende krag hê nie.

Na die vyf koninkryke kom 'n koninkryk wat deur God self opgerig sal word. Dit sal nie deur ander vervang word nie (v. 44), maar vervang die ander en sal vir ewig bestaan. Dit sien op die Koninkryk van God wat deur die werk van Christus tot stand sou kom en wat na die aardse bedeling sal bestaan as die Koninkryk van die hemel. So toon God aan Nebukadnesar deur 'n droom die verganklikheid van die aardse koninkryke en daarteenoor die onvernietigbare regering van God.

UITSIG

- Hoekom is die laaste ryk onvernietigbaar in teenstelling met die voriges (vs 44)?
- Lees die beryming van Ps. 72:2, 7 in jou Psalmboek.
- Watter versekering het jy dat jy ook eendag deel sal hê aan die Koninkryk van die hemel?
- Bid vir jou landsregering sodat ons 'n rustige en stil lewe kan hê en hulle die wysheid mag ontvang om in hierdie tye te regeer. Bid vir hulle wat met sendingwerk besig is sodat hulle die boodskap van die Evangelie kan hoor en die Koninkryk van die hemel kan kom.

Dag 7: DANIËL 3:8-27

GOD SE ENGEL BESKERM JOU

OORSIG

Vers 8-21	Verse 16-18	Vers 23-27
Daniël se vriende se nood	Wat hulle in die nood doen	God se beskerming in die nood

INSIG

Koning Nebukadnesar het van 'n groot beeld gedroom (hfst. 2) en volgens Daniël se uitleg was Nebukadnesar self die kop van goud. Die boodskap agter die droom - God wat heerskappy voer oor alle magte - neem hy egter nie ernstig op nie. Daarom laat hy 'n groot beeld oprig waarvan nie net die hoof goud is nie, maar die hele beeld. Hy vereis dat almal moet neerbuig en die beeld aanbid. So kom Daniël se drie vriende in die nood. Die bevel dat elkeen wat nie die beeld aanbid nie in die vuuroond gegooi moet word, raak hulle direk.

Sadrag, Mesag en Abednego laat hulle egter nie afdreig deur die noodsituasie nie. Vir hulle is gehoorsaamheid aan God belangriker as 'n groot nood, daarom slaan hulle die koning se bevel in die wind (v. 16). Hulle geloof in God en sy almag laat hulle uitdagend staan teenoor die verskrikking van die vuuroond. God kan hulle red uit hulle nood, maar selfs al doen Hy dit nie (v. 18), sal hulle nog nie kniel nie. Dit is geloofsgehoorsaamheid. Gehoorsaamheid aan God se wil onder alle omstandighede. Hierdie gehoorsaamheid van die drie manne moet ons inspireer om te alle tye en ten alle koste te bly staan by ons beginsels.

God se engel trek 'n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit (Ps. 34:8). Hierdie woorde van Dawid word waarheid daar in die vuuroond. 'n Oorverhitte oond kon hulle nie skaad nie, nie eens hulle hare of klere skroei nie, want God stuur sy engel (v. 25) om te beskerm en te bewaar. Wie gelowig vashou aan God ervaar ook hierdie beskerming. God het sy eie Seun Jesus gestuur om in die vlam van die hel in te gaan om ons daarteen te koester, om ons te bewaar van ewige vertering. In Christus trek Hy sy laer van beskerming om ons en daarbinne kan geen Satansmag ons skend nie.

UITSIG

- Wat beteken die woorde in ons belydenis: "Wat neergedaal het na die hel"? Lees antwoord 44 van die Kategismus.
- Lees Ps. 91 oor die bewaring deur die engele.
- Dink na oor God se beskerming die kere toe jy in nood was.
- Bid dat God jou sal bewaar van versoekinge waar van jou gevra word om Hom te verloën.
- Bid vir mense wat jy ken wat onder versoekinge deurgaans soos iemand wat aan drank of verdowingsmiddels verslaaf is.

Dag 8: DANIËL 4:1-37

JY MOET ERKEN DAT GOD REGEER

OORSIG

Verse 4, 30	Verse 10-33	Verse 1-37
God se koningskap word misken	God gryp in waar Sy koningskap nie erken word nie	God bevestig Sy koningskap

INSIG

In die wêreld word gesê dat God dood is. Hy regeer nie meer nie en is nie die Koning van die konings nie. God is verdring uit die lewe en in sy plek is die mens, die EK, op die troon geplaas. Dit gaan vandag om die mens en sy prestasies. Hy het so magtig geword dat hy feitlik alles kan doen en God nie meer nodig het nie. Ook Nebukadnesar het, toe hy magtig en sterk geword het (v. 4), homself verhef tot God en daarom roep hy in selfvoldaanheid en trots uit: Kyk net hoe groot is Babel! Die seënende hand van God erken hy nie in sy lewe nie.

God werp hoë horings neer en sien deur die hoogmoedige (Ps. 147:6), daarom gryp Hy in die lewe van Nebukadnesar in met 'n droom wat Daniël uitlê en wat waarheid word. Die hoë boom, Nebukadnesar, wat homself verhef het, word neergewerp en word een met die veld. Hy word soos 'n dier en leef soos 'n dier. God stroop sy koninklike selfverheffing van hom af (v. 33). 60 gryp Hy daar in waar die mens sonder Hom wil klaarkom. Een oomblik staan jy trots en regop soos 'n groot boom - ongeroer, ongeraak in die wêreld. Maar deur 'n enkele ingrype in jou lewe word jou wortels uitgeruk en jou takke verbreek: 'n Skielike siekbed, groot skade, teëspoed. So gryp God in my lewe in as ek myself op die troon wil plaas en aan Hom nie die eer gee nie.

As die tyd verby gegaan het wat God bepaal het, slaan Nebukadnesar sy oë na die hemel op. Hy soek nou daar hulp en nie meer in homself nie. God herstel hom en dan kom daar lof en prys oor sy lippe en eer hy God as die ewige Koning (v. 34). So bevestig God sy koningskap. Daar kom 'n dag dat almal wat Hom dood wou swyg, sy heerlikheid en grootheid sal sien en gedwing sal word om dit te erken (v. 37). Die goddelose sal sterwend in die hel bely dat Hy God is. Magtiges sal kruipend voor Hom buig.

UITSIG

- Lees oor die skielike koms van die Here in Mt.24:36-44.
- Was daar in jou lewe ook die kere toe jy gevoel het of gemaak het asof God nie regeer nie? Dink daaroor na.
- Dank God vir die gawes en talente wat Hy aan jou gegee het, maar bid terselfdertyd dat jy bewaar mag word van selfverheffing en gewaande belangrikheid.

Dag 9: DANIËL 5:22-23**JY MOET GOD VERHEERLIK DEUR JOU LEWE****OORSIG**

Vers 22	Verse 1-4	Verse 5-6
Belsasar het geweet dat God verheerlik moet word	Belsasar laat dit na om God te verheerlik	God gryp in waar Sy naam nie verheerlik word nie.

INSIG

Belsasar se voorganger, Nebukadnesar, het ondervind wat gebeur as God nie die eer ontvang nie: Hy word soos 'n wilde dier totdat hy God se koningskap erken (hfst. 4). Hierdie dinge het Belsasar geweet. Hy het ook presies geweet waarom dit gebeur het (v. 21). Nebukadnesar moes erken dat God mag het oor die koninkryke op aarde en daarvoor aanstel wie Hy wil. Hierdie kennis van God moes Belsasar so gaan toepas in sy regering. Hy moes so regeer dat God deur hom verheerlik word.

Belsasar laat dit egter na om God te verheerlik. Hy doen juis die teenoorgestelde - tart God uit. Hy hou 'n groot ete waarheen hy duisend van sy vernaamste amptenare uitnooi. Daar eet en drink hulle en vermaak hulle met die vroue. As dit baie vrolik gaan, laat hy die silwer en goue bekere haal wat deur Nebukadnesar uit Jerusalem weggevoer is (hfst. 1:2). Daaruit drink hulle dan heildronke op hulle afgode. So word die heilige voorwerpe en die heilige God onteer.

God laat dit egter nie ongemerk verbygaan as sy eer aangetas word nie. Hy sorg vir 'n item op die feesprogram waarvoor Belsasar nie voorsiening gemaak het nie: 'n Hand skryf op die muur en ruk die deur drank en wellus benewelde koning en amptenare tot nugterheid. In 'n oomblik verander God die feesvreugde en gelag en uitroepe in vrees en stilte. Dit gebeur omdat Belsasar nie die God geëer het nie van wie hy die lewensasem ontvang en wat oor sy lewe beskik (v. 23). God gee aan ons kennis van Hom en sy wil. Hy gee dit in sy Woord en laat dit aan ons oordra deur ons ouers en leerkragte. Daarom moet ons nie soos Belsasar maak en dinge doen wat ons weet nie tot sy eer is nie. Sy naam word deur ons verheerlik as ons gehoorsaam is aan dit wat ons van Hom geleer het, en elke dag doen wat Hy van ons vra.

UITSIG

- Lees oor God se straf waar nagelaat word om Hom te verheerlik in Num. 20:1-12. Dink aan al die geleenthede wat daar al vir jou was om God se Naam te verheerlik, maar jy dit nagelaat het - miskien omdat jy bang was vir die mense.
- Dank God vir gelowige ouers wat jou van jongs af met Hom groot gemaak het.
- Bid vir jou leraar wat die Woord van God vir die gemeente moet uitlê.
- Bid dat jy mag bly by wat jy geleer is en dit gehoorsaam mag doen.

Dag 10: DANIËL 5:25-30

JY MOET INHOUD AAN JOU LEWE GEE OORSIG

Verse 26, 27	Verse 26, 27	Verse 28, 30
God bepaal Belsasar se lewensinhoud	Wat God by Belsasar gevind het	Wat God met die inhoudlose doen

INSIG

God bepaal die inhoud van elke mens se lewe. Hy kyk hoe vol van diens aan Hom jou lewe is. Hy kyk na die gewig wat jou lewe voor Hom dra. Dit het Hy ook met Belsasar gedoen. Daniël lees die skrif aan die muur van Belsasar se feessaal en lê dit uit: Mene (Ou vert.) - getel. God het die dae van Belsasar se koningskap een vir een getel en dit herstel. Die aantal dae noukeurig getel en toe geweeg, Tekel (Ou Vert.). Hy bepaal die inhoud die gewig van elke dag: Watter gewig dra die lewensdae wat ek aan jou gegee het, Belsasar?

Wat God in die lewe van Belsasar vind, was dae wat leeg en hol was. 'n Lewe vol van genietinge, maar leeg, sonder diens aan God. Jou lewensdae kan baie vol wees, maar as dit nie op God gerig is nie, dra dit geen gewig by Hom nie. Dit kan pragtig wees - deur die mense aangeprys, maar as God daarby ontbreek is dit lig en sonder gewig voor Hom. So weeg God Belsasar en vind hom te lig omdat hy God nie in sy lewe ingesluit het nie (v. 23).

God gee aan jou 'n sekere hoeveelheid lewensdae. Wanneer die laaste dag aangebreek het, trek Hy 'n streep daar onder. Dan het jou dae en jou lewenstyd vol geword. Dan kan jy daar niks meer byvoeg en daar niks van wegneem nie. Toe Hy dit met Belsasar gedoen het, is bevind dat al die dae inhoudlose dae was. Maar wat word met jou gedoen as jou lewe nie 'n Godgerigte inhoud het nie? God breek Belsasar in twee. As die pottebakker se voorwerp wat hy wil maak, misluk, breek hy die klei op. Belsasar se lewe beantwoord nie aan God se doel nie en daarom breek Hy dit aan stukke. Hoe lyk jou lewensdae voor God? Het dit werklik inhoud of is dit hol en leeg? Alleen as jy waarlik aan God en Jesus verbind is, sit daar inhoud in jou lewe.

UITSIG

- Paulus skryf hoe hy homself diensbaar stel aan God. Lees daarvoor in I Kor. 9:20-27. Watter dade in jou lewe getuig daarvan dat jou lewe inhoud voor God het? Sou jy sê dat die maats met wie jy omgaan mense is wat met die Here lewe?
- Dank God dat jy besig kan wees in die lewe en van diens kan wees, maar vra Hom om dit so te doen dat jy ook diensbaar aan Hom is.
- Bid om bewaar te bly daarvan dat jy net vir jouself en jou belange sal werk en dat jy nie sal vergeet dat dit in die eerste plek om Hom gaan nie.

Dag 11: DANIËL 6:1-25

SATAN RIG HOM OP JOU HART

OORSIG

Verse 1-6	Vers 11	Verse 19-25
Die aanslag op jou hart	Jou roeping in die aanslag	Die oorwinning in die aanslag

INSIG

Die aanslag van die duisternis op die lig was eerstens 'n poging om te verwêreldlik (vgl. dag 3); daarna kry ons die aanslag deur geweld (vgl. dag 7) en nou die aanslag op die mens se hart. Hierdie aanslag word eerstens gemik op jou "indirekte godsdiens", dit is jou werk, jou dagtaak. Maar hy mik dit ook op jou direkte diens aan God: Jou aanbidding, jou erediens. Daniël het sy werk in diens van die koning voortreflik gedoen. Sy opdrag was om die koning se belange behoorlik te behartig (v. 3). Die ministers was egter jaloers en probeer iets teen hom kry, maar kon geen onreëlmatigheid vind nie (v. 5). As hy egter getrou bevind word in sy dagtaak, rig Satan hom op die direkte godsdiens (v. 6). Dit word 'n verbod om God aan te roep. Hierdie verbod raak Daniël in die hart. Elke dag (v. 11) het hy intiem met God verkeer. Dit was sy krag en sterkte. As Satan hom hierin kon laat val, val hy in sy hele persoon.

Satan rig hom ook op jou hart en hy begin daar waar jy in diens van God staan deur jou dagtaak. Hy probeer jou ontrou maak of oneerlik laat wees of hy laat jou lyf-wegsteek of nalatig wees. Hy is elke dag besig om ons op die terrein aan te val. Daarom moet jy steeds jou dagtaak biddend doen, sodat jy getrou bevind kan word. Maar hy mik dit ook teen jou direkte godsdiens: Jou Bybellees en gebed en kerkgang. Hy laat jou vanaand moeg voel sodat jy nie lees nie. Hy laat jou gedagtes dwaal sodat jy gedagteloos bid. Hy bied baie aanloklike dinge aan teenoor die koudheid en verveling van die kerk. In hierdie dinge moet jy die gesindheid van Daniël openbaar: Sy werk doen hy so getrou dat niks teen hom ingebring kan word nie en die verbod tot diens aan God ignoreer hy en bly by sy beginsels staan.

Die oorwinning in die aanslag lê eerstens in getrouheid. Dit vra egter krag en inspanning: Die vuuroond of die leeuuil. Die ware oorwinning lê egter nie in my nie, maar in God. Hy sluit die bekke van leeus (v 23). Hy stuur Sy engel om by jou te wees. Hierdie engel, soos in die vuuroond, is Jesus Christus. In Hom is jou hart gekoester, beskerm en bewaar tot die dag van die ewige oorwinning.

UITSIG

- Dink na oor die aanslae wat op jou gemaak word in jou dagtaak. Kyk na die plekke waar Satan jou aanval in jou persoonlike godsdiens - jou Bybellees en gebedslewe.
- Vra God om jou te help om getrou te wees in jou dagtaak en om staande te bly teen die aanslae op jou diens aan Hom.

Dag 12: DANIËL 7:1-8

IN JOU VERSIER MOET DIE HEMEL WEES

OORSIG

Verse 2, 3	Verse 4-7	Vers 8
Daniël se droom	Die betekenis van die diere in die droom	'n Waarskuwing aan ons

INSIG

Met hierdie hoofstuk begin die tweede gedeelte van die boek Daniël. Die eerste gedeelte het historiese gebeure beskryf, maar nou volg profesieë. Daniël sien in 'n droom hoe die wind wat uit al vier die rigtings waai, die see baie onstuimig maak en vier diere daaruit laat voortkom. Die wind uit al vier die rigtings dui op God se mag wat die groot see, die wêreldsee, dit wil sê die volkerewêreld, in beroering bring en die vier diere sien op die opeenvolgende koninkryke wat as gevolg van onderlinge stryd, beroering, na vore tree (v.17).

Baie mense het al probeer om spesifieke wêreld-koninkryke aan die beskrywing van die vier diere uit te ken. Ons het hier egter nie vier spesifieke koninkryke nie, maar daar sal verskillende regerings met verskillende eienskappe en doelstellings wees. Die verskillende wêreldmagte vertoon die beeld van verskeurende en vernielende diere. Hulle werk mee aan die koms van 'n groot wêreldmag wat hom in verwaandheid sal verhef (v. 8,25). Uit die goddelose wêreld ontstaan 'n mag wat hom bo alles, ook bo God stel. Volgens die Nuwe Testament is hierdie mag die Antichris (2 Ts en I Jh 2:22).

Kyk ons vandag na die wêreld, sien ons hoe alles in beroering is. Die wêreld lyk soos 'n onstuimige see: Een koninkryk staan teen 'n ander op; daar skyn geen vrede te wees nie, maar voortdurende stryd. Dit alles is die voorspel vir die koms van die Antichris wat geen perke in sy goddeloosheid sal ken nie en hom teen God en God se kinders sal werp en sal probeer om ons van God af te trek. Ons wat die tekens in die wêreld sien, moet ons gereedmaak vir die dag. Jy kan alleen gereed wees as jy van jongs af geleer het om alleen op God te vertrou en nie op dit wat die wêreld jou bied nie.

UITSIG

- Lees die gedeeltes in Op 13:1-8 wat ooreenkom met Dan 7.
- Dink jy dat die tekens van die tye vandag sigbaar is in die wêreld? Merk jy dit ook op by mense met wie jy te doen het?
- Bid dat jy die tekens van die tye, soos deur die Bybel gegee, sal kan uitken.
- Dank God dat Hy ons nie onkundig laat oor die toekoms nie, maar so dinge bekend maak dat ons die tekens kan uitken en ons lewe daarvolgens kan inrig.

Dag 13: DANIËL 7:8, 23-25

WAT DIE ANTICHRIS SAL DOEN

OORSIG

Verse 8, 23, 24	Verse 8, 25
Die Antichris rig hom teen alle ander regerings	Die Antichris rig hom teen God en die gelowiges

INSIG

Daniël sien 'n ryk - die vierde dier (v. 8), wat die plek van die ander ryke sal inneem. Hy sal die hele wêreld insluk en verwoes en vertrap (v. 23). Dit sal dus 'n wêreldryk wees wat alle ander regerings sal onderwerp. Hy sal alles vir homself opeis, alle volksgrense sal uitgewis word en hy sal die wêreldheerser wees. Op 13:7 sê hy sal gesag hê oor elke stam, volk, taal en nasie. Kyk jy vandag na wêreldgebeure om jou, sien jy hoe daar na wêreldoorheersing of eenpartystate gestreef word. Elkeen probeer sy eie saak bevorder en respekteer nie meer ander se grense en eiendom nie. Ons sien duidelik die voorlopers, tekens van die vierde dier, die Antichris, wat alle koninkryke sal onderwerp om oor almal te regeer.

Hierdie vierde koninkryk rig hom egter ook teen God. Hy het 'n mond wat verwaande dinge kwytraak (v. 8) en hy sal die Allerhoogste laster. Hy sal nie eerbied en ontsag vir God hê nie. Volgens Op. 13:5 sal hy verskriklike dinge sê en laster en volgens v. 6 het hy God se Naam en Sy woonplek en die wat in die hemel is belaster. Die apostel Paulus noem hom die mens van sonde en die teëstander wat hom verhef bo God en wat in die tempel sal kom sit en hom as God voordoen. Hy is die na-aper van God wat probeer om die plek van God in te neem.

Hy rig hom ook teen die gelowiges. Hy vervolg die heiliges van die Allerhoogste (v. 25) en laat geen kind van God met rus nie. Hy sal probeer om die wêreldbestuur oor te neem en dan sal alle Christelike norme omver gewerp word. Die goeie sal as kwaad gereken word en die kwaad as goed. Wat eers as skande gereken is, sal nou aangeprys word. Die kerk, dit is die gelowiges, sal groot verdrukking deurmaak (Mt 24:21).

UITSIG

- Lees oor die Antichris in 2 Ts 2:3-12 en I Jh 2:22.
- Hoeveel kenmerkende dade van die Antichris kan jy reeds uitken - veral onder die mense met wie jy omgang het?
- Bid dat God die oë van wêreldleiers sal open vir die bese magte wat aan die werk is in die wêreld; bid dat die Here sy kerk sal bewaar sodat die gelowiges staande sal kan bly; bid veral vir die lande waar daar reeds nie meer godsdienstvryheid is nie.

Dag 14: DANIËL 7:9-14, 26-27

DIE ANTICHRIS SAL OORWIN WORD

OORSIG

Verse 9, 10, 26	Verse 11, 12, 26	Verse 13, 14, 27
Die Antichris word geoordeel	Sy vonnis	Sy mag word finaal verbreek

INSIG

Daniël 7 teken die wêreldmagte in beroering en die Antichris wat sal kom om die plek van God te probeer inneem en die gelowiges groot leed aan te doen. Daarom sien Daniël hoedat trone reggesit word en hoe die ewig-lewende God daarop gaan sit. Hierdie troon is 'n regterstoel en Hy wat daarop gaan sit is die Regter van die hemel en die aarde. Ja, bo die gewoel van die nasies en die verwaandheid van die Antichris sit God op sy troon om die oordeel te vel.

Daniël sien hoedat die boeke wat die aanklagte bevat, oopgemaak word en hoe al die nasies geoordeel word. Al woel en werk die nasies en waan hulle self groot, is daar maar een wat waarlik regeer: God sal die laaste woord spreek oor hulle dade. Die nasies, waaruit ook die Antichris kom, sal nie onbeperk kan voortgaan nie. Hulle moet almal voor die troon van God verskyn en die vonnis is om doodgemaak en in die vuur gegooi te word sodat hulle heerskappy beëindig kan word. Die wêreldgebeure kan God se kinders soms baie benoud maak, maar die heerlike troos is dat God die heerskappy voer en die magte sal verbreek.

Maar Daniël sien ook hoedat 'n menslike wese uit die wolke kom en voor God gebring word en dan word aan Hom die koningskap gegee en al die volke, nasies en taalgroepe dien Hom (v. 14). Ons het hier Jesus Christus, die Seun van God, wat die koningskap uit God se hand ontvang en volgens v. 17 deel Hy dit met die gelowiges sodat hulle saam met Hom as konings sal regeer en Op 22: 5 in vervulling gaan. En so word die Antichris se mag finaal gebreek en ook die van die ander wêreldheersers. Die ewige oorwinnaar wat die duiwel en sy trawante die finale nekslag toedien, is Jesus Christus. In Hom het ons die ewige oorwinning as ons in Hom glo en Hom as Saligmaker aanvaar (Jh 3:16).

UITSIG

- o Lees Op 20: 11-15 oor die ewige oordeel van God.
- o Ervaar jy in jou lewe hoe die Heilige Gees jou in staat stel om Satan te oorwin? Sien jy dit ook by jou vriende?
- o Dank God opnuut vir die Verlosser wat Hy gestuur het en dat Hy jou van sonde bevry, maar ook dat Hy triomfeer oor alle magte wat hulle teen God se kinders keer.

Dag 15: DANIËL 8:1-24

DIE ANTICHRIS TREE OP IN DIE WÊRELD

OORSIG

Verse 2-7	Verse 8-9	Verse 23-24
Die gebeure in Oos en Wes	Die gebeure onder die groot nasies	Die Antichris in die gebeure

INSIG

Daniël sien in 'n gesig 'n skaap- en 'n bokram. Die skaapram staan aan 'n rivier. Hy het twee horings wat nie ewe lank is nie. Hy stoot in 'n westelike, noordelike en suidelike rigting. Sy rug is dus na die Ooste, met ander woorde hy kom uit die Ooste. Hy is sterk en niemand kan hom stuit nie. Maar dan kom daar 'n bokram uit die Weste en met geweldige vaart storm hy op die skaapram af. Hy het 'n opvallende, sterk horing tussen sy oë. Met groot spoed sak hy op die skaapram toe en breek sy twee horings af en vermorsel hom teen die grond. Hierdie twee ramme sien op die wêreldmag uit die Ooste en die Weste - wys op die stryd tussen Oos en Wes, want albei diere het horings - wapens. Die stryd is dus 'n magstryd. Volgens die gesig oorwin die Westerse mag die van die Ooste.

Die Westerse mag word egter self ook verbreek. Sy horing word afgebreek en in die plek daarvan kom vier horings uit. Vier konings regeer nou, vier wêreldgrottes. Ons merk hier iets van ons dag. Ons praat mos van Oos en Wes en van die derde wêreld - Afrika, en die nuwe wêreld - die Amerikas. Daniël sien ook hoe 'n klein horinkie uit een van die vier horings kom en sterk word na die Ooste en Suide en na die pragtige land se kant toe. Laasgenoemde sien op Palestina. Daar sal veral ook 'n aanslag teen Israel wees.

Wie is die horing? Vers 23 beskryf hom as 'n hardvotige en slinkse koning. Die vier wêreldstreke, die grottes van die wêreld, sal teen mekaar optree en in die tyd sal die Antichris kom en wat doen hy? Hy rig ongelooflike verwoesting aan (v. 24) en hy vernietig magtiges. Hoe lyk die wêreld dus wanneer die Antichris kom? Dit sal 'n tyd van oorlog en wapengeweld wees en terroristiese aanslae en bomontploffings. Jesus sê: Daar sal oorloë en gerugte van oorloë wees en die een nasie sal teen die ander opstaan en die koninkryk teen die ander (Mt 24: 6, 7). Die woelinge wat ons vandag belewe is voorlopers van die Antichris, die Antichris in die volkere wêreld.

UITSIG

- Lees Mt 24: 5-11 oor die optrede van die Antichris in die wêreld.
- Dink na oor moontlike tekens dat die Antichris besig is om nou in die wêreld op te tree.
- Dank God dat Hy die Bybel vir ons gegee het en dat ons uit die gebeure in die wêreld kan sien hoedat die Bybel waar word.
- Bid dat die Heilige Gees jou lei om gereeld jou Bybel te lees en insig daarin te kry.

Dag 16: DANIËL 8:10-12, 24-25

DIE ANTICHRIS TREE OP IN DIE KERK

OORSIG

Verse 10, 24	Verse 11, 25
Die Antichris rig hom teen die gelowiges	En teen God self

INSIG

Die Antichristelike mag wat in die wêreld optree (dag 15) rig hom ook teen die gelowiges, die kerk van die Here (v. 10). Hy het so magtig geword dat hy selfs die hemelse leërmag aangedurf het. Vers 24 sê hy sal ook die heilige volk vernietig. Die Antichristelike mag tree nie maar net in die wêreld op nie. Nee, een van sy groot oogmerke is om ook die kinders van God groot leed aan te doen.

Om dit te kan doen rig hy hom selfs teen God (v. 11). Hy durf die Hoof van die hemelse leërmag aan en volgens v. 25 sal hy selfs die hoogste Regeerder uitdaag. Sy metode is om die sonde hand oor hand te laat toeneem. Vers 23 sê dat hy sal optree wanneer die sonde sy hoogtepunt bereik het. Sy tyd is dus die tyd van die goddeloosheid. Die goddeloosheid sal sy toppunt bereik en in die tyd sal hy dan floreer. Hy sal hardvorig wees - genadeloos en slinks - vol listige planne. Met lis sal hy mense aftrek van God. Die daaglikse offers sal verbied word, met ander woorde die diens aan God. Die erediens sal feitlik ophou en ook die geleentheid om saam te kom in die kerk, want die heilige woning word afgebreek (v. 11). Kerkgeboue sal nie meer bestaan nie. In die plek van die diens aan God kom 'n sondige erediens en die ware godsdiens word vertrap. Die diens aan God word vervang met 'n diens aan Satan. Paulus sê hy sal in die tempel van God sit en hom as God voordoen (2 Ts 2:4). Die ware godsdiens - volgens God se Woord - moet plek maak vir die leuenwoord. So sal die Bybel verdraai en 'n geslote boek word. In sy optrede sal hy voorspoedig wees sodat die goddeloosheid by die dag sal toeneem.

Hierdie tekens van die Antichris in sy optrede teen die kerk, is reeds duidelik sigbaar en hoewel dit maar net die voorlopers is, moet jy jou nou reeds staal deur 'n ware verbintenis aan God en deur gehoorsaamheid aan sy Woord.

UITSIG

- Lees Mt 24: 21-24 oor die optrede van die Antichris teen die kerk van die Here. Sien jy die tekens van die Antichris in die Kerk vandag?
- Bid dat die Heilige Gees jou oë verlig sodat jy die tekens van die Antichris kan uitken.
- Bid om staande te kan bly teen die aanslae wat nou reeds teen jou geloods word.

Dag 17: DANIËL 8:14, 26-27

DIE GROOT VERDRUKKING RAAK OOK MY

OORSIG

Vers 14	Vers 26	Vers 27
Die duur van die verdrukking	Die krag in die verdrukking	My optrede in die verdrukking

INSIG

Die tyd van die Antichris is die tyd van die groot verdrukking, (Mt 24:21). Watter plek neem ek hierin in? Daniël hoor hoe 'n engel uitroep: Hoe lank sal die dinge aanhou? In Openbaringe roep die siele onder die altaar ook: Hoe lank . . ? Die gelowiges sal in die dae ook uitroep: Hoe lank nog, Here? Die antwoord wat Daniël kry is: 2 300 aande en môres. Ons moet nie hier probeer bepaal hoeveel jare en maande nie. 2 300 aande en oggende is 1 150 dae, dus meer as 3 jaar. Dit is dus 'n redelike lang tyd, maar in vergelyking met 'n mens se lewe, is dit maar kort. Dit sal dus 'n redelik tyd duur, maar tog nie te lank nie. Maar ons sien meer: 2 300 is 2 000 en 300 - dit is afgeronde getalle, dit wil sê: Dit is presies afgemete. En so kom die troos tot die gelowige. Die dae van die verdrukking is deur God een vir een bepaal. Wees daarom nie bevrees nie. God hou dit in sy hand.

Daniël ontvang opdrag om die visioen geheim te hou. Hier staan letterlik: Sluit die gesig toe, bewaar dit sodat dit nie verlore gaan nie. En hoe is dit gedoen? Dit is weggebêre in God se Woord self. In die Bybel is dit vir ewig bewaar. Hier word gesê: Dit sien op die verre toekoms. Lank na Daniël, ja, vandag nog kan die gesig gelees en nagespeur word in God se Woord. En so word ons in die verskriklike tye verwys na die Bybel. As jy die dinge sien gebeur in die wêreld, kan jy dit in God se Woord uitken as tekens van die tye. Maar in daardie tyd sal jy miskien nie meer 'n Bybel hê nie. Daarom moet jy die Woord nou hanteer - in jou hart bêre, sodat jy daardie dag *nog* daaruit kan put. En so gee die Here krag vir die verdrukking. Die krag van sy Woord, Sy krag!

Maar ons word ook gewys op Daniël se optrede. Na die visioen is hy gedaan en lank siek en ontsteld oor die visioen. Die dinge gaan nie by Daniël verby nie, maar raak hom in sy siel. Wanneer ons die tekens sien moet ons ook getref word omdat God se Woord so in vervulling gaan. Ons moet bewoë raak oor mense wat weggleef van God. Ons moet stry om self staande te bly. Maar Daniël gaan aan met sy werk. Hy doen die werk van die koning. Ons moet nie handwringend gaan sit nie, maar volhard in diens aan ons hemelse Koning.

UITSIG

- Lees oor die getalle van die eindtyd in Dan 7:25 (Ou vert.), Op 11:2; 12:6; 13:5. Gee jou Bybel vir jou ook insig in die gebeure van die dag? Het jy al met jou beste maat hieroor gepraat?
- Dank God andermaal vir Sy Woord, maar bid ook dat die Gees die Woord in jou hart sal bewaar sodat hy altyd daaruit kan lewe - ook as jy dalk eendag nie 'n Bybel! mag besit nie.

Dag 18: DANIËL 9:1-23

'N VOORBEELD VIR JOU GEBED

OORSIG

Vers 2	verse 3, 5-11	vers 19	vers 23
Die Agtergrond	Die Aard	Die doel	Die Verhoring van Daniël se gebed

INSIG

Daniël was 'n gebedsmens. Dit sien ons verskeie kere in hierdie boek en besonderlik ook in hierdie gedeelte. Vers 2 vermeld dat hy iets in die boeke gemerk het. Hierdie boeke is die profesie van Jeremia. Hy lees God se Woord (soos toe bekend) en dit bring hom tot gebed. As ek waarlik wil bid, moet ek my gebed voed uit God se Woord. In die profesie merk hy dat die tydsduur van die ballingskap 70 jaar sal wees en dat die tyd amper vol geword het. Daarom bid hy dat God tog nie moet talm nie (v. 19), maar spoedig uitkoms moet gee.

Sy gebed val op. Kyk die kort sinnetjies. Vier keer word God se Naam in v. 19 genoem. Dit dui op groot erns. Hy rammel nie maar 'n gebedjie voor God af nie. Maar hy bid ook in diepe ootmoed. Met vas en rouklere en as (v. 3) en in diepe skuldbelydenis (v. 5). Hy bid nie net vir die volk se sonde nie, maar hulle sonde is ook sy sonde: Ons het gesondig. Hy wys nie vingers nie, maar wys na homself. Hy bid ook oor spesifieke sonde. Noem dit by die naam (v. 6-11).

Wat is die doel van Daniël met hierdie gebed? Is dit bloot bevryding van skuld en nood? Nee, hy bid: Ter wille van Uself. Dit gaan nie om hom of die volk nie, maar om God se eer. Hy sê: U Naam is oor U stad en U volk uitgeroep. Die heidene het begin spot omdat Jerusalem verwoes gelê het en die volk verstrooi was in ballingskap. Vir hulle dui dit op onmag van God om te help. Daarom bid Daniël: Verlos U volk ter wille van U eer. Al ons gebede moet in die eerste plek op God gerig wees en nie net gaan om my en my lewettjie nie.

Hy bid: Moenie talm nie en God verhoor dadelik. Vers 23 sê: Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee. Die oomblik toe Daniël begin bid, verhoor God en stuur Gabriël na hom. Hy bid lank en ernstig, maar reeds by die begin van die gebed is hy verhoor (Ps. 139:4). Ons het hier die troos dat ons smeekstem nie op dowe ore val nie en daarom kan ons met volharding en vrymoedigheid bid.

UITSIG

- Gaan Daniël se gebedslewe na (2:17; 2:18; 6:11).
- Het jy ook al die gevoel gekry dat jou gebed op dowe ore val?
- Word jy dan moedeloos of spoor dit jou aan tot ernstiger gebed?
- Dank God vir die gawe van die gebed.
- Bid dat jy volhardend sal bid en dat jy in jou hart sekerheid mag hê oor verhoring.

Dag 19: DANIËL 9:24-27

GOD MAAK DIE TOEKOMS AAN ONS BEKEND

OORSIG

Verse 24, 25	Vers 25	Verse 26, 27
Die eerste periode	Die tweede periode	Die derde periode

INSIG

Daniël het gebid oor die toekoms van sy volk en dadelik antwoord God hom (v. 23). Die antwoord wat hy kry is dit: Daar is 70 tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. Hierdie tydperke word verskillend verklaar, maar die mees logiese is dit: 'n Tydperk is 'n afgeronde, vasgestelde tyd. Die woord vasgestel beteken eintlik om afgesny te wees - dit wil sê: Presies bepaal. In die tyd sal daar baie dinge gebeur (v. 24). Hierdie tydperke word in drie periodes verdeel. Die eerste duur sewe tydperke. Dit is die tyd van die ballingskap tot die herstel van die volk. Daniël kry die versekering dat die duur van die ballingskap nie langer sal wees as wat die profeet Jeremia voorspel het nie. God sal sy toorn oor die afval van die volk nie langer laat duur as wat Hy gesê het nie.

Die tweede periode duur baie langer - 62 tydperke. Gedurende die tyd sal Jerusalem herbou word en opgebou bly, maar nogtans sal dit moeilike tye wees. Die opbou van die stad na die ballingskap was 'n tydsame en moeilike proses (Neh. 4). Hierna sou daar ook veel stryd wees. Die sonde sou weer groei en toeneem. Hierdie tydperk sien op die tyd na die ballingskap tot voor die koms van Jesus.

Dan breek die derde periode aan en dit duur net een tydperk, maar dit is 'n vol tyd: 'n Regeerder word onskuldig doodgemaak. Dit sien op Jesus wat onskuldig aan die kruis sou sterf. 'n Ander koning sou kom en Jerusalem en die volk verwoes. Dit sien op die val van Jerusalem in 70 nC en die onderwerping aan die Romeinse Ryk. Hierdie gebeure sal lyk soos 'n stroming: God sal sy toorn soos 'n stroom oor Israel laat gaan omdat hulle Jesus verwerp en gekruisig het. Die offers sal in die tyd afgeskaf word - want Jesus se dood het alle verdere offers onnodig gemaak. In die tyd sal die tempel onheiligh en verwoes word. Maar na dit kom God se toorn ook oor hierdie mag en word dit verbreek. Die groot troos uit hierdie gedeelte is dat God se Woord oor die toekoms waarheid geword het. Wat oor die toekoms voorspel is, is vandag geskiedenis. Dit het gebeur.

UITSIG

- Lees Neh. 4 oor die probleme om Jerusalem te herbou en oor die verwoesting van Jerusalem na Christus in Mt 23: 37-24:2.
- Dank God dat Sy Woord waarheid is, want ons wat terugkyk, sien hoe die profesie van Daniël waarheid geword het.

Dag 20: DANIËL 10:1-21

GOD VERHOOR WEL ONS GEBEDE

OORSIG

Verse 1-3	Verse 4-11	Verse 12-14
Daniël in gebed	Koms van 'n engel	'n Geweldige stryd

INSIG

Paulus sê in Ef. 6:12 dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bese geeste in die lug. Daarmee bedoel hy dat vir ons stryd op aarde daar ook 'n stryd in die lug plaas vind. Ons stryd begin nie op aarde nie, maar bo die wolke. Ons kry Daniël in hierdie gedeelte weereens in gebed, hierdie keer in die derde jaar van die regering van Kores. Hy verkeer in ernstige gebed oor sy volk, soos dit telkens voorheen ook was. Toe Israel teruggekeer het na hulle land na die ballingskap, het die volk dit maar moeilik gehad (Esra 4, Neh. 4). Daniël verkeer as gevolg van sy werk nog in Babel, maar dit laat hom nie onbekommerd oor sy volk nie. As hy die berigte kry dat dit nie goed gaan nie, verkeer hy drie weke lank in ernstige gebed. 'n Pragtige voorbeeld van volhardende gebed.

Na drie weke kom daar 'n antwoord op sy gebed. 'n Engel kom na Daniël. Hy verskyn in die gestalte van 'n man met linneklere en 'n goue gordel. Sy liggaam self skitter in heerlijkheid (v. 6). Hierdie is 'n besondere hemelse wese wat deur God na Daniël toe gestuur word (v. 11). Ons moet hier dink aan die engel Gabriël, die vernaamste boodskapper van God. Hoe wonderlik verhoor God nie sy kneg se gebed nie. Hy stuur 'n engel om hom te kom inlig wat met die volk sal gebeur.

Met die engel wat God stuur het daar egter iets uitsonderliks gebeur. Die oomblik toe Daniël begin bid, stuur God die engel na hom (v. 12). Maar op pad het hy oonthoud. Die engel van die Persiese Ryk - dit sien op 'n bese engel, dus een van Satan se engele - gaan staan teenoor die engel van God en verhinder hom om die Here se boodskap by sy kneg uit te bring. So erg is dit dat die engel Migael, die hoof van God se leërmag, moet gaan help en die oorwinning moet verseker. Ons sien hier die stryd in die lug tussen God se magte en Satansmagte. God hoor ons as ons bid, maar die duiwel staan in die pad. Agter ons stryd is daar 'n geweldige stryd in die lug. Ook ons gebed dra by tot die stryd. Die belangrikste egter is dat God se magte oorwin. Die verhooring van ons gebede is vas en seker al gee God nie altyd dadelik antwoord nie omdat sy boodskappe vertraag word.

UITSIG

- Lees oor die engele in Art 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.
- Kan jy aan kere dink toe God jou verhoor het lank nadat hy daarvoor gevra het?
- Here, leer ons om te volhard in die gebed en te weet u hoor en verhoor, maar laat ons ook begrip daarvoor hê as ons nie dadelik antwoord kry nie.

Dag 21: DANIËL 11:1-21

JY MOET GEREED WEES

OORSIG

Verse 1-20	Vers 21
Die tekens van die tye	Wat dit vir my sê

INSIG

Die engel wat aan Daniël verskyn, hou nie 'n mooi prentjie aan hom voor nie. Daniël bid vir sy volk en hulle toekoms en God stuur sy engel (hfst. 10) om Daniël in te lig. Wat bekend gemaak word, is egter nie rus en vrede nie, maar groot onrus. In dag 19 het ons die gebeure gesien tot met die koms van Christus. Die volgende gebeure raak ook hierdie tyd. Hier word van verskillende ryke en regerings gepraat. Hulle tree teen mekaar op, maar word weer tot 'n val gebring en so bly dit die patroon: Vers 4 - maar sy mag sal skaars gevestig wees of sy koninkryk sal opgebreek word; v. 5 - die koning van die Suide (Egipte) sal sterk word, maar een van sy generaals sterker; v. 6 - sy en die wat haar gebring het... sal in die tyd ondergaan. Hierdie is 'n tyd van oorloë en gerugte van oorloë. Dit herinner aan die woorde van Jesus in Mt 24:7 - die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. vandag woel dit in die volkere wêreld. Daar is geen vrede nie. Een nasie teen die ander. 'n Groot wisseling van regerings. Hierdie is tekens van die tyd wat aan die wederkoms van Jesus voorafgaan.

Vers 21 praat van 'n veragtelike persoon wat sal optree (oor hom handel ons in die volgende dagstuk). Hy moet gesien word as die Antichris. Vers 1-20 handel oor dinge wat nog met Israel sou gebeur, maar teken ook die wêreld voor die verskrikking van die eindtyd. Vir ons beteken dit die gebeure voor die koms van die Antichris. Voor Jesus weer kom, kom die Antichris, maar voor hy kom, kom daar groot woelinge onder die nasies. Uit wêreldgebeure sien ons die dinge vandag werklikheid word. Wanneer die Antichris kom, sal dit nie maklik gaan nie (Dag 12, 14, 15). Alhoewel ons nou reeds swaar tye beleef, sal dit nog swaarder word. Ek *moet* gereed wees om dit die hoof te bied en dit kan alleen as ek verbind is aan Jesus Christus. Hy is die een wat triomfeer oor die Antichris. Sy oorwinning is ook my oorwinning as ek werklik in Hom glo.

UITSIG

- Lees die beryming van Ps. 2:1, 2, 6 in die Psalmboek oor die stryd onder die nasies, die stryd teen God en van die oorwinning.
- Is jy gestaal om die verskriklike dinge wat kom die hoof bied?
- Is jy bereid om met jou maats hieroor te praat?
- Dank God dat Hy ons inlig oor die tye wat kom.
- Bid om die nodige geestelike toerusting sodat jy gesterk kan wees vir die stryd.

Dag 22: DANIËL 11:21-32

DIE ANTICHRIS BAAN SY WEG DEUR DIE WÊRELD

OORSIG

Verse 20-24	Verse 24-29	Verse 30-38	Verse 39-43
Hy tree slinks op	Hy tree militêr op	Hy tree teen die kerk op	Hy beheer die ekonomie

INSIG

Die vorige 20 verse teken die gebeure voor die koms van die Antichris. Die volgende verse toon hom soos hy sy weg sal baan deur die wêreld. Hier word baie dinge gesê. Ons lig enkeles uit: Vers 21 sê hy sal sy mag verkry deur slinksheid, met lis, fyn uitgewerkte planne. So sal hy byvoorbeeld jou beginsels en oortuigings afstomp deur films, seksboeke en verdowingsmiddels. So word jy op 'n slinkse wyse gebreinspoel. Vers 22 beskryf hoe hy alle teenstanders voor hom wegvee, ook die met wie hy 'n bondgenootskap gehad het (v. 23). Hy sal hom nie steur aan ooreenkomste nie. Hy spits hom toe op ryk gebiede (v. 24) en deel wat hy kry weer uit - hy doen hom voor as 'n weldoener, om so mense na hom oor te haal. Ons sien iets hiervan in die moderne sosialisme waar verkondig word dat almal alles besit, met die sluheid daaragter om alles in te palm.

Die militêre mag word uitgebrei (v. 24) en dan word veral gekonsentreer op groot en vername vestings. Hy tree tot die geveg toe en span sy kragte in (v. 25). Die teëstanders sal nie staande bly nie, want sameswerings maak hulle kragteloos. Vandag is dit met spioenasie en verraad. Vers 27 sê dat mense om dieselfde tafel sal sit en mekaar belieg.

Hy betree ook die gebied van die godsdienst. Vers 30 sê hy sal sy woede koel op die gewyde verbondsvolk. Hy begin by die afvalliges: Die wat nie meer vashou aan God nie. Hy skaar hulle agter hom. Hulle word die ondergrawers van die kerk en onheiligh die heiligdom en skaf die offers - die diens aan God - af (v. 31, 32). Vers 36 beskryf weereens hoe hy hom sal voordoen as God en homself belangriker beskou as God. Die ware God word vervang deur 'n vestinggod, dit is die wêreldmag wat tot God verhef sal word. Groot sedeloosheid sal intree (v. 37) deurdat die normale weg van die liefde vervang word deur 'n abnormale.

Hy sal ook die ekonomie oorneem. Hy beheer al die skatte, die wêreld ekonomie (v. 43). Aan die wat hom erken bewys hy groot eer (v. 39) en gee aan hulle geskenke. Volgens Op 13 sal jy alleen kan koop en verkoop as jy sy merk het. Wie hom volg sal stoflike voorspoed geniet.

UITSIG

- Lees Op 13 oor die dier uit die see en die dier uit die aarde wat op die Antichris en sy trawante sien.
- Besin daarvoor of jy bereid sal wees om alles op te offer wat die wêreld bied ter wille van Jesus Christus.
- Bid om bewaar te bly van slinkse aanvalle op jou deurdat jou oë oop sal wees om gevare raak te sien.
- Bid om die genade dat die dinge van God se Koninkryk vir jou van meer waarde sal wees as enige iets wat die wêreld jou kan bied.

Dag 23: DANIËL 11:32-36

'N HEERLIKE BEMOEDIGING VIR JOU

OORSIG

Vers 32	Verse 32, 33	Verse 35, 36
'n Kwelvraag	'n Versterking	'n Bemoediging

INSIG

Jy het nou so baie van die Antichris gehoor en van moeilike dinge wat dit bring, dat jy kan vra: Sal ek staande kan bly as die dinge my tref? Het ek die geloofskrag in my? Kyk, die boek Daniël beskryf verskriklike dinge, maar dit moet my nie neerslagtig maak nie. Baie sal in daardie tyd afvallig word, maar hou hieraan vas: Die wat staande bly is nie die groottes nie. Nie hulle wat so 'n groot geloof het dat Satan hulle nie kan aftrek nie. Die wat sal val is die afvalliges wat nie aan God vashou nie (v. 30, 32), maar teenoor hulle staan wat v. 32 noem: Die mense wat hulle God ken. Dit is die wat altyd aan God vasgehou het. Dit is nie sondelose mense nie, mense wat altyd net gedoen het wat God vra nie. Nee, dit is swakke sondaars wat ook dikwels val, maar wat te midde van alles tog aan die Here vashou. Kwel jou dus nie daarvoor of jy staande sal bly nie. Jy wat nog altyd aan God vasgehou het, sal ervaar dat Hy jou in die tyd vashou.

Die wat hulle God ken sal vasstaan. Die woord beteken letterlik om hande te vat. Die wat God ken is die wat sy hand vat en van wie Hy die hand vat. Dit is dus die mense wat hulle lewenspad aan die hand van God loop. Hulle is swakke mense. Dikwels struikel en val hulle, maar hulle het God se hand ter ondersteuning. Vers 33 sê hulle sal leiding gee aan baie mense. Hulle sal 'n voorbeeld stel sodat ander in die swaar tyd kan sien hoe daar aan God vasgehou word sodat hulle ook so kan maak. Vers 35 sê dit is om die volk te louter. Mense sal selfs sterf sodat ander in die smeltkroes kan kom en so gelouter word. So is daar in die tyd vir jou 'n versterking: Aan die hand van God en die voorbeeld van ander.

Vers 35, 36 vertroos en bemoedig heerlik. Let op vers 35 se laaste deel: Die einde is klaar bepaal - God het die grens vir al die gebeure vasgestel. Die antichristelike mag sal voortgaan tot op die tyd wat deur God vasgestel is. Alles sal net so gebeur soos God dit bepaal het (v. 36 slot). Ons is nie alleen in God se hand nie, maar Hy bepaal ook alles. Daarom kan ek seker wees dat Hy ook vir my sal sorg in die tyd. Die Antichris sal tot niet gaan (v. 45 slot), maar God bly onveranderlik. Daaraan kan jy vashou met die grootste sekerheid - God gee dit self vir jou in Christus.

UITSIG

- Lees die Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5, Art 1-3, 11.
- Dink na oor mense wat jy ken wat vir jou 'n voorbeeld is te midde van swaarkry in hulle lewe. Ervaar jy in jou lewe hoedat God nog vir jou sorg?
- Dank God andermaal dat Hy jou oë open vir die gebeure van die eindtyd; bid dat jy nou reeds so aan Hom verbonde sal lewe, dat jy in daardie tyd ook sal kan vashou; dank Hom dat Hy jou sal versterk en vashou in die tyd en bid dat jy dit onvoorwaardelik sal glo.

Dag 24: DANIËL 12:1-4

'N HEERLIKE EINDE VIR JOU

OORSIG

Vers 1, 2	Vers 3	Vers 4
Hulp uit die Hemel	Die Hemel as eindpunt	Die Oog op die heerlijkheid

INSIG

Die boek Daniël het dikwels 'n beklemming om jou hart gebring. Vers 1 van die laaste hoofstuk beklemtoon weer dat die einde swaar sal wees, soos dit nog nooit was nie. Tog, as die nag so donker lyk, breek God se lig deur: In daardie tyd sal almal uit jou volk wat in die boek opgeskryf is, gered word. Vanuit die hemel kom Migael God se kinders te hulp en bevry hulle uit hierdie verskrikking. Ook die wat ontslaap het as gevolg van die verdrukking, deel in die redding. Baie sal opstaan. Almal sal eendag opstaan, maar hierdie baie sien op die wat gesterf het in die verdrukking. Sommige - die wat vasgehou het - staan op tot die ewige lewe, die res tot die ewige dood.

Vers 3 teken die heerlijkheid van die oorwinnaars in die stryd. Die verstandige leiers, dit is die wat te midde van alles aan God bly vashou het, sal skitter met die glans van die hemel self. Hulle verkry dus die hemelse heerlijkheid. Ook die wat baie mense op die regte pad gelei het - dit is hulle wat steeds 'n voorbeeld was (11:33) - sal vir altyd skitter soos die sterre. God lê 'n heerlike kroon weg vir hulle wat hom nie losgelaat het te midde van die geweldige aanslae van die bose nie. Hierdie kroon is die hemelse heerlijkheid tot in ewigheid.

In vers 4 kry Daniël die opdrag om die woorde geheim te hou en die boek te verseël (sien Hfst. 8:26). Dit beteken nie dat die dinge nie bekend gemaak moet word nie, maar verseël beteken opneem, vir altyd bewaar in 'n boek - die Bybel. Baie mense sal oor die gebeure navraag doen. Die antwoorde op die vrae kry hulle in God se Woord. So kan ons te midde van onsekerheid God se Woord opneem en daaruit versterk te word. Die Woord leer jou van die groot stryd wat wag, sodat dit nie as 'n verrassing kom nie. Die Woord leer ook van die oorwinning en dit gee aan jou volharding. So bly jou oog gerig op die heerlijkheid en so bly jy geanker aan God. Al hierdie dinge lê vir jou en my vas in die bloed van Jesus Christus. In Hom staan die oorwinning en ewige heerlijkheid vas.

UITSIG

- Lees Op 21 oor die nuwe hemel en die nuwe aarde en oor die nuwe Jerusalem. Dink na oor die hemelse heerlijkheid wat God vir al Sy kinders berei het.
- Dank God dat jy mag glo dat die heerlijkheid ook vir jou bestem is; dank Hom vir Jesus in wie jou saligheid en die ewige oorwinning verseker is.

Dag 25: DANIËL 12:5-13

DIE SEKERHEID VAN DIE EWIGE OORWINNING

OORSIG

Verse 6, 7	Verse 9-12	Vers 13
Hoe lank Here	Die antwoord	'n Salige Einde

INSIG

Daniël het die heerlike versekering gekry dat te midde van al die swaarkry en verdrukking wat wag, die einde heerlik sal wees. Eg menslik kom die vraag egter nou: Hoe lank sal hierdie onbegryplike gebeurtenisse nog aanhou (v. 6)? Die antwoord wat hy kry kom deur middel van 'n eed wat voor God gesweer word: 'n Engel wat albei sy hande na God uitsteek as teken van 'n eed. En die antwoord: Die hele vasgestelde tyd. Dag en datum word nie gegee nie, maar wel die versekering dat dit sal duur so lank as wat dit reeds vooraf vasgestel is. God het die duur presies bepaal. Die antwoord kom egter nog by: Wanneer die gewyde volk se mag heeltemal vernietig is, sal al hierdie dinge ophou. Dit beteken wanneer die Antichris gedoen het wat hy wou doen en die mag van die Kerk heeltemal verbreek is en aan die goddeloosheid oorgegee is.

Daniël word vermaan om nie verdere vrae te vra nie (v. 9). God het alles bepaal en verseël en dit word geheim gehou tot die einde, met ander woorde die volle betekenis daarvan sal eers begryp word die dag as alles gebeur het. Dan sal die vrome verstaan, maar die goddelose nie en sal hulle verhard bly in hulle goddeloosheid. Aan Daniël word wel 'n tydsduur gegee (vv. 11, 12). Dit bly egter 'n moeilike antwoord: 1 290 dae en 1 335 dae. Hier word van dae gepraat. Die verdrukking duur in vergelyking met die ewigheid dae. Dit sal benouende dae wees, maar dae. Jesus sê dit sal verkort word (Mt 24). Hou daaraan vas dat God Sy hand ook daaraan hou en dat Hy in die tyd by jou sal wees.

Daniël word opgeskerp om aan te hou tot die einde (v. 13). God vra van sy gelowige kinders volharding. 'n Aankondiging oor die einde van Daniël word ook gemaak: Hy sal sterwe en begrawe word, maar weer opstaan en sal sy bestemde deel ontvang word, maar weer heerlike voorsegging van die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Jy mag in die aanslag van die duisternis teen die lig selfs jou lewe verloor, maar bo dit staan die heerlike woord wat jy elke Sondag bely: Ek glo aan die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe. En so staan die ewige oorwinning vas. Die oorwinning van die lig oor die duistere magte van Satan. Dit laat jou dankbaar buig voor die grootheid en ontferming van God.

UITSIG

- Lees noukeurig en met nuwe aandag die geloofsbelydenis in Sondag 7 van die Kategismus.
- Dank God vir die voorreg om meer te kon leer uit Sy Woord; dank Hom vir wat jy kon leer; bid dat jou geloof in Hom onwankelbaar sal bly tot die einde; dank Hom vir die vooruitsig van die ewige lewe; dank Hom vir Sy genade in jou lewe deur Jesus Christus.